RPO

VRYSTAAT

**Mediaverklaring**

30 November 2021

Vrystaat Landbou
Free State Agriculture
Tsa Temo Freistata

## RPO en VL maan boere om paraat te wees in die Kersseisoen rakende veediefstal en veiligheid.

Die Vrystaat provinsie het skerp toemame gehad in die laatste maand rakende veediefstal.

Dié beraming word gemaak op inligting wat deurgegee word aan die Rooivleisprodusente organisasie (RPO) en Vrystaat Landbou (VL) deur die verskillende beheerkamers in die Vrystaat. Baie van die sake is by laasgenoemde aangemeld, maar nie n saak geopen by die SAPD nie. Hiermee versoek ons dus alle landbouers om die sake aan te meld sodat n werklike statistiek daargestel kan word deur die Minister van Polisie.

Vrystaat Landbou en die RPO Veediefstal Forum doen 'n ernstige beroep op boere om alle veediefstal insidente by die polisie te rapporteer vir ondersoek, asook om te verseker dat hulle aan die Veediefstalwet voldoen en hul vee na gelang brandmerk ten einde eienaarskap te bewys

Isabel Kruger van die Veediefstal Voorkomings Forum van die RPO in die Vrystaat maan die vee-eienaars om nie kontant transaksies aan te gaan waar groot bedrae kontant betrokke is. Hierdie lei tot verdere misdaad waar die verkoper dan deel word van misdaad statisiek en met hy/sy lewe kan boet.

Mnr Jakkals le Roux, Veiligheids Voorsitter vir VL versoek dat indien u wel so n transaksie beklink dat daar genoeg bystand is om onnodige lewens verlies te spaar.

Die RPO en Vrystaat Landbou het verskeie aanbevelings met die polisie bespreek om hierdie kersseisoen se misdaad te probeer bekamp. Verhoogde fokus op misdaad voorkomings operasies moet plaasvind tesame met wit/blou lig patrollies in samewerking met boerderygemeenskappe. Daar is ook aanbeveel dat veediefstal speurders, sigbare polisiebeamptes en misdaad intelligensie moet saamwerk ten einde die afsetgebiede en markte vir gesteelde vee bepaal kan word, asook dat voorlê dienste/operasies geloods word en gereelde besoeke aan veilingskrale in hul omgewing uitgevoer word.

Ons lewens asook die van ons families, ons eiendom en vee is kosbaar. Vir hierdie rede versoek die RPO Veediefstal forum en Vrystaat Landbou dat elke vee-eienaar homself paraat moet hou met samewerking van die boerdery gemeenskap asook die SAPD en sodoende seker maak dat daar nie onnodige en onbekende persone u perseel betree om vee te koop, of enige ander toerusting en dit later uitloop op n misdryf nie.

N Geseënde Kerstyd word u toegewens saam met die familie.



**ISABEL KRUGER**

**Voorsitster: OFS RPO Veediefstal Voorkomings Forum**

**(veediefstalrpo@gmail.com)**



**JAKKALS LE ROUX**

**Voorsitter: Vrystaat Landbou Veiligheid**

*(jakkals@zipplink.co.za)*

.